Education and Sport Development
Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sportontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko
NORTH WEST PROVINCE

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

## SEPTEMBER 2019

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 80**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 8 bladsye.**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Indien die leerder woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word geen punt toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die leerder gee ŉ volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte antwoord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE/DRIE feite vereis word en ŉ reeks word gegee, sien SLEGS die eerste TWEE/DRIE na.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

**VRAAG 1**

**TEKS A: WATER! SPAAR ONS GENOEG?**

| **VRAAG** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **DENK-VLAK (Barret)** |
|---|---|---|---|
| 1.1 | ŉ Groter lettertipe(font) word gebruik/die letters is vetgedruk/vet letters/hoofletters word gebruik/daar is ŉ uitroepteken na water/die opskrif bevat ŉ vraag.<br>(Enige EEN) | 2 | 2 |
| | | | |
| 1.2 | Baie meer mense moet van water voorsien word./Daar moet water aan 54 miljoen mense voorsien word./Ons het nog nooit voorheen so baie mense gehad nie.<br>(Enige EEN soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.3 | waternavorser | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.4 | • C<br>• 10 miljoen<br>• C ï 10 miljoen<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| | | | |
| 1.5 | • Klimaatsverandering<br>• Aardverwarming | 2 | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.6 | Baie meer mense in die stede het nou water nodig./Verstedeliking lei tot hoër waterverbruik.<br>(Of soortgelyk) | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.7 | é draai nie doekies om ...<br>(Kan ook sin aanhaal en frase onderstreep) | 1 | 2 |
| | | | |
| 1.8 | • Die natmaak van grasperke.<br>• Die spoel van toilette. | 2 | 1 |
| | | | |
| 1.9 | Nie almal gebruik so baie water nie/Sommige mense probeer water spaar.<br>(Of soortgelyk). | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.10 | Almal sal moet saamwerk om alternatiewe waterbronne te ontgin. | 1 | 2 |
| | | | |
| 1.11 | • Slik beweeg saam met water deur die pype.<br>• Slik veroorsaak probleme met pypstelsels. | 2 | 1 |
| | | | |
| 1.12 | ñwater nie deur die waterpype kan beweeg nie.ò | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.13.1 | Gekoopte water is duur./Alle mense sal dit nie kan bekostig nie./Almal is nie naby winkels nie.<br>(Of soortgelyk) | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.13.2 | Arm mense./Mense wat nie water kan koop nie./Ou mense./Kinders./Mense wat ver van winkels af is.<br>(Of soortgelyk) | 1 | 2 |
| | | | |
| 1.14 | Dit is ón baie duur proses./Mense sal baie meer vir water moet betaal. | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.15 | sout | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.16 | Nee,<br>ñSelfs al reën dit genoeg en word al die damme weer vol, sal almal anders na waterverbruik móét kyk.ò | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.17 | • B<br>• Inligting oor die beskikbaarheid van water te verskaf.<br>• B ï Inligting oor die beskikbaarheid van water te verskaf.<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| | | | |
| 1.18 | Voorbeelde:<br>Ja, dit is duidelik dat mense nog steeds baie water mors.<br>OF<br>Nee, die artikel sê nie hoeveel water ons moet spaar nie.<br>(Of soortgelyke sinvolle rede) | 1 | 3 |

| TEKS B: INLIGTING EN GRAFIEK | | | |
|---|---|---|---|
| 1.19 | Bergrivier(dam) | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.20 | persentasie/persent | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.21.1 | 2014 | 1 | 2 |
| | | | |
| 1.21.2 | 78,1(%) | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.22 | • C<br>• sommige mense nie kan lees nie.<br>• C ï somige mense nie kan lees nie. | 1 | 2 |
| | | | |
| 1.23 | minder | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.24 | Nee, dit verskaf slegs inligting oor die vyf grootste damme in die Wes-Kaap.<br>(Of soortgelyk) | 1 | 3 |
| | | **30** | |

**AFDELING B: OPSOMMING**

**Nasien van die opsomming**

Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- Puntetoekenning:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal punte: 10

- Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1ï 3 korrekte feite: 1 punt
  - 4ï 5 korrekte feite: 2 punte
  - 6ï 7 korrekte feite: 3 punte

- Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:
  - 6ï 7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
  - 1ï 5 korrekte aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken

**LET WEL:**

- **Getal woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde verifieer.
  - Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
  - Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die 70-woordegrens nasien en die res van die opsomming ignoreer.

**VRAAG 2**

**TEKS C: MAKLIKE WENKE VIR DIE BESPARING VAN WATER.**

**Let wel: Kandidate moet sewe wenke om water te bespaar, opsom.**

| DIREKTE AANHALING | | EIE WOORDE |
|---|---|---|
| **Installeer 'n lae-vloei stortkop wat minder water deurlaat.** | 1 | Gebruik ŉ lae-vloei stortkop (om minder water te gebruik). |
| **Jy kan die vloei van water beheer deur 'n multi-spoelstelsel vir jou toilet te kry.** | 2 | Beheer die vloei van water met ŉ multi-spoelstelsel (vir jou toilet). |
| **Jy kan daagliks baie water bespaar deur 'n halwe baksteen in die spoelbak van jou toilet te plaas.** | 3 | Plaas ŉ halwe baksteen in die spoelbak (om water te bespaar). |
| **Plant eerder inheemse plante wat aangepas is by die omgewing en minder water benodig.** | 4 | Plant inheemse plante (wat met min water kan oorleef). |
| **Gebruik opgegaarde reënwater om jou motor te was.** | 5 | Was jou motor met opgegaarde reënwater. |
| **Bedek jou swembad met 'n seil om verdamping te voorkom.** | 6 | Maak jou swembad met ŉ seil toe om te keer dat water verdamp. |
| **Deur lekkende krane te herstel, kan baie water bespaar word.** | 7 | Maak krane wat lek reg.<br><br>(65 woorde) |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAAL**

**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spelling:
    - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
    - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
    - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

**VRAAG 3**
**TEKS D: ADVERTENSIE**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barret) |
|---|---|---|---|
| | | | |
| 3.1 | • B<br>• Woordspeling<br>• B ï woordspeling<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3.2 | Ja, die adverteerder gebruik die woord ñjy/jou.ò | 1 | 2 |
| | | | |
| 3.3 | Å B<br>Å manipulering<br>Å B ï manipulering<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| | | | |
| 3.4 | geniet | 1 | 1 |
| | | | |
| 3.5 | water | 1 | 2 |
| | | | |
| 3.6 | jou | 1 | 2 |
| | | | |
| 3.7 | afslag | 1 | 2 |
| | | | |
| 3.8 | meer | 1 | 2 |
| | | | |
| 3.9 | roeiertjies | 1 | 2 |
| | | | |
| 3.10 | Jy sal bevestiging van jou bespreking binne 24 uur na die betaling ontvang is, kry./Jy kry die bevestiging eers die volgende dag.<br>(Of soortgelyk) | 1 | 3 |
| | | **[10]** | |

**VRAAG 4**

**TEKS E: STROKIESPRENT**

| **VRAAG** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **DENK-VLAK (Barret)** |
|---|---|---|---|
| 4.1 | Die seun vra vir sy pa waarom ys op water dryf. | 1 | 2 |
| | | | |
| 4.2 | Die pa kyk na die seun./Sy kop is na die seun gedraai./Sy mond is toe, want hy luister.<br>(Of soortgelyk) | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.3 | vuurwarm | 1 | 1 |
| | | | |
| 4.4 | Hy wil die seun aanmoedig om self navorsing te doen./om self te dink/om te gaan lees./Hy wil hê sy seun moet nuuskierig wees.<br>(Of soortgelyk) | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.5 | naaste | 1 | 1 |
| | | | |
| 4.6 | Jy behoort navorsing te doen. | 1 | 2 |
| | | | |
| 4.7 | Met hoofletters/vraagteken/vetgedruk (Of soortgelyk) | 1 | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4.8 | verbaas | 1 | 1 |
| | | | |
| 4.9 | Navorsing is gereeld deur die seun gedoen. | 1 | 2 |
| | | | |
| 4.10 | min | 1 | 1 |
| | | | **[10]** |

**VRAAG 5**

**TEKS F: WATER EN DIE MENSLIKE LIGGAAM**

| **VRAAG** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **DENK-VLAK (Barret)** |
|---|---|---|---|
| 5.1.1 | veertig | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.1.2 | kilogram | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.1.3 | jellievisse | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.1.4 | vloei ï ba ï re | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.1.5 | uit | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.1.6 | liggaamsfunksie | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.1.7 | help | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.1.8 | Ons longe het water nodig sodat die slymvliese klein deeltjies in die lug kan vasvang. | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.1.9 | • D<br>• byvoeglike naamwoord<br>• D ï byvoeglike naamwoord | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.1.10 | funksioneer | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.1.11 | Hoe meer hitte daar is, <u>hoe vinniger raak vog verlore</u>. | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.1.12 | Voorbeelde:<br>Ek <u>raak</u> aan my hare.<br>Hy het my met die bal <u>raak</u> gegooi.<br>(Of soortgelyk) | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.1.13 | Volgens kenners is ses tot sewe glase water daagliks nodig vir ŉ gesonde liggaam. | 1 | 2 |
| | | | **[13]** |

| TEKS G: PRENT | | | |
|---|---|---|---|
| **VRAAG** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **DENK-VLAK (Barret)** |
| 5.2.1(a) | badkamer | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.2.1(b) | wasbak | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.2.1(c) | voor | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.2.2 | bome | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.2.3 | Die man gebruik <u>nie</u> die water spaarsaam <u>nie</u>. | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.2.4 | Dit is denotief omdat alles water nodig het om te lewe./Sonder water gaan alles dood/kan niks lewe nie. | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.2.5 | Hy kon die kraan toegedraai het/'n glasie gebruik het vir die water/nie die wasbak vol water getap het nie. (Of soortgelyk) | 1 | 3 |
| | | **[7]** | |

| |
|---|
| **TOTAAL AFDELING C: 40** |
| **GROOTTOTAAL: 80** |

**KOGNITIEWE TABEL – OPSOMMING**

| VRAAG | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|
| | 1/2 | 3 | 4/5 | |
| 1 | 13 | 11 | 6 | 30 |
| 2 | 2 | 4 | 4 | 10 |
| 3 | 3 | 6 | 1 | 10 |
| 4 | 5 | 3 | 2 | 10 |
| 5 | 9 | 8 | 3 | 20 |
| Totale punt | 32 | 32 | 16 | 80 |
| **TOTAAL %** | 40% | 40% | 40% | 100% |
| **NORM %** | 40% | 40% | 20% | 100% |

Kopiereg voorbehou